

Hoofstuk 4

'n Beskrywing van die deelwoord in Afrikaans

4.1 Inleiding

In Hoofstuk 2 is deelwoorde voorlopig gedefinieer as woorde wat twee woordklasse deel: woorde wat van werkwoorde gevorm is en, sonder om hulle verbale karakter te verloor, as 'n ander woordklas optree (soos adjektiewe en bywoorde³⁶). In Hoofstuk 3 (vergelyk 3.4.5) het ons vanuit KG bevestiging gekry vir hierdie voorlopige siening. Deelwoorde word as 'n intermediêre tipe predikasie gesien wat eienskappe van beide prosesse en atemporele verhoudings vertoon deurdat die prosesbasis behoue bly, maar dat dit opsommend geskandeer word (Langacker 1987a:145; 2008a:119).

Wanneer die konseptualisering van die deelwoord in hierdie studie aan noukeurige ondersoek onderwerp word, word onvoltooide (vergelyk 4.2) en voltooide deelwoorde (vergelyk 4.3) apart gekarakteriseer. Elke karakterisering begin met 'n beskrywing van die tipe deelwoord op die fonologiese pool en daarna volg die beskrywing van die tipe deelwoord op die semantiese pool. Die fonologiese en semantiese beskrywings kulmineer telkens om 'n basiese kategoriseringsnetwerk vir elke tipe deelwoord daar te stel.

Vir hierdie karakteriserings is alle voorbeelde uit die *AWS* (Taalkommissie, 2009) se woordelys as data geneem, met die doel om soveel as moontlik voorbeelde in die beskrywings in te sluit. Die uiteindelijke kategoriseringsnetwerke kan dan as bloudruk dien vir werklike korpusgebaseerde analyses van gebruikdata, soos wat byvoorbeeld in die volgende hoofstuk aan die bod kom. Daar moet in gedagte gehou word dat die *AWS*-woordelys nie 'n volledige lys van alle bestaande deelwoordvorme in Afrikaans is nie, en die woordelys bied ook nie sinstekste nie. Tog is hierdie lys handig om soveel as moontlik vorme te oorweeg om in die kategoriseringsnetwerk in te sluit.

³⁶ In Hoofstuk 1 (vergelyk 1.5.2) is aangetoon dat deelwoorde as geleksikaliseerde adjektiewe en voorsetsels, tesame met sterk verlede deelwoorde, nie by hierdie studie ingesluit word nie, juis omdat hulle verbale karakter nie op dieselfde wyse behoue bly as by deelwoordvorme nie.

Die hoofstuk sluit af deur die beskrywing van die deelwoordvorm van die werkwoord te onderskei van die PK-vorme van die werkwoord (wat insluit die verledetydsvorm en die passiefvorm). In navolging van die karakterisering van die deelwoord op sowel die fonologiese as die semantiese pool, word die PK-vorme ook op hierdie twee pole gekarakteriseer en sodoende van die deelwoord onderskei.

4.2 Karakterisering van onvoltooide deelwoorde in Afrikaans

Op dieselfde wyse as wat 'n leksikale item as 'n simboliese eenheid gesien word wat bestaan uit 'n fonologiese en 'n semantiese pool (vergelyk 3.3.1.1 en Figuur 2), gaan die onvoltooide deelwoord, as woordklas, op beide pole beskryf word. 'n Volledige beskrywing van die onvoltooide deelwoord sluit daarom 'n beskrywing van die fonologiese pool (vergelyk 4.2.1), sowel as 'n beskrywing van die semantiese pool (vergelyk 4.2.2) in, alvorens 'n kategoriseringsnetwerk van die onvoltooide deelwoord gegee word (vergelyk 4.2.3).

4.2.1 Karakterisering van die fonologiese pool

Die onvoltooide deelwoord word gevorm deur die deelwoordmorfeme *-end* of *-de* aan 'n werkwoord te voeg en die keuse tussen *-end* of *-de* kan histories verklaar word. In Nederlands bestaan die *-end* uit twee aparte morfeme wat met die werkwoord verbind: die *-en* vervoeg die werkwoordstam (bv. *werk*) na 'n infinitiefvorm (bv. *werken*) en slegs die *-d* vervoeg dit na 'n deelwoordvorm (bv. *werkend*). In Afrikaans het die *-en* en die *-d* versmelt en daarom het ons in Afrikaans die *-end* as die onvoltooide deelwoordmorfeem (Van Schoor, 1983:218). Wanneer die deelwoord attributief gebruik word, kry die onvoltooide deelwoord 'n attributiewe *-e* aan die *-end* (bv. *werkende*). By ses werkwoorde in Nederlands (*zien*, *slaan*, *staan*, *gaan*, *doen* en *zijn*) word die infinitiefvorm nie met *-en* gevorm nie en gevolglik lyk die basisvorm en die infinitiefvorm (bv. *zien*) vir hierdie ses werkwoorde dieselfde. Dit vervoeg dan normaalweg met *-d* na 'n deelwoordvorm (bv. *ziend*). Aangesien die ses deelwoorde nie in Afrikaans (*siend*) of Nederlands (*ziend*) slegs met 'n *-d* voorkom nie, maar altyd met die *-e* voorkom – hetsy in 'n attributiewe of predikatiewe posisie – kan dit as *-de* gegee word (Combrink, 1990:346; Donaldson, 1993:171-173).

Tabel 8 is opgestel uit die verskillende vorme onvoltooide deelwoorde wat in die *AWS* geïdentifiseer is en dien as 'n samevatting van die karakterisering van die onvoltooide deelwoord op die fonologiese pool. Die frekwensie (F) wat aangedui word, moet nie as 'n gebruiksfrekwensie geïnterpreteer word nie, maar is slegs 'n aanduiding van die frekwensie van die hoeveelheid voorbeelde wat in die woordelys per gelyste tipe gevind is.

Die grys dwarslyne in Tabel 8 deel die twaalf verskillende konstruksieskemas van onvoltooide deelwoorde in vier oorhoofse groepe, soos wat dit in die kategoriseringsnetwerk (vergelyk Figuur 14) sal blyk. Die morfologiese variasie *-de* is telkens by elke skema apart aangedui en behoort as 'n verlengingsverhouding van elke betrokke skema gesien te word (vergelyk 3.3.1.3). Die verskillende konstruksieskemas in Tabel 8 is ter illustrasie voorsien van 'n paar voorbeelde uit die *AWS*-woordelys.

Die konstruksieskema van elke tipe konstruksie word voorgestel volgens die formalismes wat Booij in KM gebruik (vergelyk 3.3.1.2) en die betekenis wat *-end* en *-de* aan die werkwoord verleen, is 'wat V' of 'besig om te V' (Booij, 2002:17). Booij se formalismes betrek die beskrywing van die fonologiese pool aan die linkerkant van die alkantpyl en die semantiese interpretasie aan die regterkant van die alkantpyl.³⁷

Die eerste groep betrek die prototipiese deelwoordmorfeem vir onvoltooide deelwoorde wat slegs met 'n werkwoord [V] gevorm word (vergelyk (1a) en (1b) in Tabel 8), en die tweede groep is 'n uitbreiding daarvan wat met 'n deeltjiewerkwoord [PART-V] (vergelyk (2a) en (2b) in Tabel 8) gevorm word. Die derde groep is ook 'n uitbreiding van die prototipiese deelwoordmorfeem waar 'n verbaliseerder³⁸ [VR] vooraan 'n bestaande werkwoord [V]³⁹ (vergelyk (3a) en (3b) in Tabel 8), 'n naamwoord [N] (vergelyk (3c) en (3d) in Tabel 8) of 'n beskrywende woord [A] (vergelyk (3d)) 'n [V] vorm wat as 'n deelwoord verbuig. In die kategoriseringsnetwerk (vergelyk Figuur 14)

³⁷ Die beskrywing van die fonologiese pool aan die linkerkant van die pyl is vir hierdie afdeling van toepassing, terwyl die beskrywing van die semantiese pool in die volgende afdeling hanteer word. Hierdie aparte besprekings van die twee pole is natuurlik 'n kunsmatige skeiding, aangesien konseptualisering in werklike taalgebruik nie so gefragmenteerd en apart plaasvind nie.

³⁸ Die tradisionele lys verbaliseerders is *be-*, *ge-*, *er-*, *her-*, *ont-* en *ver-* (Taalkommissie, 2009:163), maar daar is ander (soos o.a. *mis-* en *re-*) wat op dieselfde wyse as die tradisionele groep funksioneer. Aangesien dié affikse nie die fokus van my studie is nie, volstaan ek hier met die tradisionele lys.

³⁹ Wanneer 'n verbaliseerder 'n nuwe werkwoord van 'n werkwoord vorm, is die prefiks streng gesproke 'n kategorieneutrale prefiks en nie 'n verbaliseerder nie, aangesien dit nie die stam na 'n werkwoord verander nie, maar slegs 'n ander werkwoord daarvan maak. Argumentsonthelwe gebruik ek verbaliseerder ook by verbindings met werkwoorde om die tipe variant te kategoriseer.

is hierdie skemas met 'n hoër skema weergegee waar 'n onbekende [a] gebruik word om óf die [V] óf die [N] óf die [A]⁴⁰ voor te stel.

Tabel 8: Variante en frekwensie van onvoltooide deelwoorde in die AWS-woordelys

	Deelwoordvorm	Voorbeeld	Konstruksieskema	F	%
1a	[V- <i>end</i>]	<i>werkend</i> <i>brekend</i>	[[[V] _i <i>end</i>] _{A_j} ↔ [wat SEM _i] _j	110	32
1b	[V- <i>de</i>]	<i>siende</i>	[[[V] _i <i>de</i>] _{A_j} ↔ [wat SEM _i] _j		
2a	[PART-V- <i>end</i>]	<i>opbeurend</i> <i>deurskynend</i>	[[[PART-V] _i <i>end</i>] _{A_j} ↔ [wat SEM _i] _j	24	7
2b	[PART-V- <i>de</i>]	<i>ingaande</i>	[[[PART-V] _i <i>de</i>] _{A_j} ↔ [wat SEM _i] _j		
3a	[[[VR+V] _V - <i>end</i>]	<i>vererend</i> <i>gebukkend</i>	[[[[VR][V] _{Vi}] <i>end</i>] _{A_j} ↔ [wat SEM _i] _j	8	2.3
3b	[[[VR+V] _V - <i>de</i>]	<i>verslaande</i>	[[[[VR][V] _{Vi}] <i>de</i>] _{A_j} ↔ [wat SEM _i] _j		
3c	[[[VR+N] _V - <i>end</i>]	<i>verpligtend</i> <i>besielend</i>	[[[[VR][N] _{Vi}] <i>end</i>] _{A_j} ↔ [wat SEM _i] _j	3	0.9
3d	[[[VR+A] _V - <i>end</i>]	<i>verfrissend</i> <i>bevreemdend</i>	[[[[VR][A] _{Vi}] <i>end</i>] _{A_j} ↔ [wat SEM _i] _j	6	1.7
4a	[[[N+V] _{VP} - <i>end</i>]	<i>bedlënd</i> <i>haatdraend</i>	[[[[N] _i [V] _j] _{VP} <i>end</i>] _{A_k} ↔ [wat SEM _j in REL tot SEM _i] _k	103	29.9
4b	[[[N+V] _{VP} - <i>de</i>]	<i>diensdoende</i>	[[[[N] _i [V] _j] _{VP} <i>de</i>] _{A_k} ↔ [wat SEM _j in REL tot SEM _i] _k		
4c	[[[ADV+V] _{VP} - <i>end</i>]	<i>snelvarend</i> / <i>welwillend</i>	[[[[ADV] _i [V] _j] _{VP} <i>end</i>] _{A_k} ↔ [wat SEM _j in REL tot SEM _i] _k	84	24.4
4d	[[[ADV+V] _{VP} - <i>de</i>]	<i>versiende</i>	[[[[ADV] _i [V] _j] _{VP} <i>de</i>] _{A_k} ↔ [wat SEM _j in REL tot SEM _i] _k	6	1.8
				344	100


Die laaste groep betrek 'n verlengingsverhouding waar 'n werkwoordstuk [VP] 'n deelwoord vorm. In die kategoriseringsnetwerk (vergelyk Figuur 14) is weer eens 'n hoër skema gegee waar 'n onbekende [a] gebruik word om óf die [N] óf die bywoord [ADV] voor te stel wat saam met die [V] die [VP] opmaak. Dit is interessant om op te merk dat die deelwoordmorfeem hier optree in 'n samestellende afleiding. Dit kan verklaar word deurdat die belangrikste onderskeid tussen kontekstuele en inherente fleksie vir Booij (2006:660) juis daarin lê dat inherente fleksie verdere woordvorming toelaat (vergelyk 3.6.3). Aansluitend hierby, wanneer mens ook die fleksie-afleiding-kontinuum in gedagte hou en spesifiek Booij (2006:656) se verduideliking dat deelwoorde gesien kan word as voorbeelde van transposisionele fleksievorme wat nie noodwendig kategorie-neutraal bly nie (vergelyk 3.6.2c), kan mens argumenteer dat

⁴⁰ Wanneer [A] gebruik word, dui dit daarop dat die beskrywende woord 'n [ADJ] of 'n [ADV] kan wees. Wanneer slegs een van die twee bedoel word (vergelyk (4c) en (4d) in Tabel 8), word dit gespesifiseer.

deelwoordmorfeme wat 'n [VP] verbuig, op die fleksie-afleiding-kontinuum meer affiksagtig is (dus minder uitgangstig).

4.2.2 Karakterisering van die semantiese pool

Soos ons reeds in die karakterisering van die fonologiese pool gesien het, word onvoltooide deelwoorde gevorm met die morfeme *-end* of *-de*. In pas met die tweede vooronderstelling van KG dat grammatika inherent betekenisvol is, kan ons sê dat hierdie deelwoordmorfeme (*-end* of *-de*) tog 'n beduidende effek op die werkwoordstam het. Volgens Booij (2002:79) is die deelwoord 'n fleksiekategorie van werkwoorde wat voorkom in transkategoriale konstruksies (Booij, 2002:79). Wat Booij hier met 'transkategoriale konstruksie' bedoel, is dat die deelwoord eienskappe vertoon van werkwoorde sowel as 'n ander woordklas (meestal 'n adjektief) en daarom behou onvoltooide deelwoorde 'n verbale parafrase van 'wat V', of soos Booij (2002:17) dit parafraseer, 'besig om te V'. Figuur 12 hieronder illustreer die semantiese effek van die onvoltooidedeelwoordmorfem op die werkwoordbasis.



Figuur 12: Diagrammatiese voorstelling van *singend*

Die voorstelling van *-end* is gearseerd en het 'n uitbreidingspyl na *sing*. Dit beteken dat die werkwoord *sing* 'n uitbreidingsterrein vir die morfeem is. Die voorstelling van die morfeem het ook 'n donker raam om wat beteken dat die morfeem die profieldeterminant van die saamgestelde struktuur sal wees.

Die eerste semantiese effek wat die onvoltooidedeelwoordmorfeem (*-end*) op die werkwoordstam het, betrek skandering. Die opeenvolgende skandering van die prosesverhouding wat deur die werkwoordstam geprofileer word (konseptualisering ontvou oor tyd (t)), word deur die deelwoordmorfeem opgehef. Die prosesbasis van die werkwoordstam (*sing*) bly wel behoue, maar dit word nou opsommend geskandeer en gevolglik word dié komplekse atemporele verhouding as 'n gestalt of geheelbeeld uitgedruk. In Figuur 12 is die tydlyn by die onvoltooide deelwoord *singend* steeds teenwoordig, wat daarop dui dat die prosesbasis van die werkwoordstam behoue bly. Deurdat die tydlyn nie met 'n donker balk geprofileer is soos wat dit die geval is by *sing* nie (vergelyk 3.5.3), dui daarop dat die deelwoord nie opeenvolgend geskandeer word nie, maar dat dit as 'n gestalt opsommend geskandeer word.

'n Volgende semantiese effek van die onvoltooidedeelwoordmorfeem betrek fokus. 'n Werkwoord is 'n proses met 'n positiewe temporele profiel wat opeenvolgend geskandeer word. Wanneer 'n onvoltooide deelwoord gevorm word, is die onmiddellike semantiese gevolg van *-end* (ook van *-de*) dat dit inzoom op die interne deel van die verbale proses – sien die OS in Figuur 12 (vergelyk 3.4.7). As gevolg van hierdie interne perspektief van die geprofileerde verhouding, word daar slegs gefokus op 'n afgebakende gedeelte van die prosesverhouding sonder om die begin- of eindpunt in te sluit. Daarom word slegs die ingezoomde gedeelte binne die OS geprofileer.

'n Verdere effek wat die onvoltooidedeelwoordmorfeem op die geprofileerde verhouding het, is dat die verhouding as homogeen gekonstrueer word, selfs al verbind die *-end* of *-de* met 'n dinamiese of perfektiewe werkwoord (Langacker, 2008a:156n20; vergelyk 3.7.2). Die komponenttoestande van 'n dinamiese werkwoord is normaalweg verskillend omdat dit een of ander verandering impliseer, maar wanneer dit verbind met 'n onvoltooidedeelwoordmorfeem word die komponenttoestande op 'n sekere vlak van abstraksie as homogeen gesien (vergelyk die kolletjies binne die OS by *-end* en *singend*, Figuur 12).

Wanneer 'n boom blare wissel (vergelyk (47a)), is *wissel* 'n dinamiese werkwoord wat een of ander verandering in toestand impliseer (van 'n toestand met blare tot 'n toestand sonder blare). In die deelwoordvorm word die konseptualisering van *wissel* holisties, as 'n eienskap van die boom, beskou. Dieselfde geld vir *skreeu* (vergelyk (47b)) wat ook 'n dinamiese werkwoord is (die geluid het 'n duidelike begin- en eindpunt), maar word ook deur die deelwoordmorfeem as 'n gestalt gekonstrueer. Wanneer deelwoorde gevorm word van statiewe (of dan imperfektiewe) werkwoorde, word die homogene konseptualisering bloot voortgesit in die deelwoordvorm, byvoorbeeld die statiewe of toestandswerkwoord *lief* (*liefhê*) vorm die prosesbasis vir die deelwoordvorm *vredeliewend* (vergelyk (47c)).


(47a) *Die boom is **bladwisselend** ... / Die **bladwisselende** boom ...*

(47b) *Die **skreeuende** bande van die jaagduiwel ...*

(46c) *Hulle is **vredeliewend** ... / Hulle is **vredeliewende** mense ...*

'n Werkwoord moet dus eers vervoeg tot 'n deelwoord wat holisties gekonstrueer word, voordat die deelwoord in staat is om onder andere 'n naamwoord (dan as 'n adjektief) of 'n werkwoord (dan as 'n bywoord) te kwalifiseer (Langacker, 2008a:155).

Samevattend word die onvoltooidedeelwoordmorfeem voorgestel in Figuur 13.




Figuur 13: Diagrammatiese voorstelling van 'n onvoltooidedeelwoordmorfeem

Uit die semantiese karakterisering blyk dit duidelik dat drie van die fundamentele konstrukte van 'n kognitiewe gebruiksgesbaseerde beskrywingsraamwerk onontbeerlik is vir die semantiese karakterisering van deelwoorde, naamlik skandering, profilering en fokus. Die opeenvolgende skandering van die prosesbasis word opgehef en die

deelwoord word opsommend as 'n gestalt geskandeer. Al bly die tydlyn behoue in deelwoorde, is dit nie geprofileer nie. By onvoltooide deelwoorde zoem die fokus in op die middeldeel van die proses (die OS), en die werkwoordbasis word as homogeen gekonseptualiseer.

4.2.3 'n Kategoriseringsnetwerk vir die onvoltooide deelwoord

Om 'n kategoriseringsnetwerk van die onvoltooide deelwoord te maak, dien die verskillende skemas in Tabel 8 as basis om oorkoepelende, hoër skemas te gee vir skemas wat 'n ooreenkoms met mekaar toon.



Figuur 14: Vereenvoudigde kategoriseringsnetwerk vir onvoltooide deelwoorde

Uit Tabel 8 is dit duidelik dat $[[V]_i \text{ end}]_{A_j} \leftrightarrow [\text{wat SEM}_i]_j$ (kortweg $[v\text{-end}]$) die prototipiese konstruksieskema van onvoltooide deelwoorde is, waarvan 110 (32%) verskillende voorbeelde in die woordelys gevind is; hierdie struktuur word daarom in die kategoriseringsnetwerk omraam met 'n dikker blokkie. Die $[v\text{-de}]$ -struktuur is 'n verlenging van $[v\text{-end}]$. Alhoewel dit dieselfde tipe deelwoord voorstel waar 'n $[V]$ verbuig word, voldoen $[v\text{-de}]$ nie aan al die eienskappe van $[v\text{-end}]$ nie, want die deelwoordmorfeem lyk anders. Hierdie verlengingsvariasie word by elke oorhoofse tipe skema met 'n stippelpyl aangedui. Die variant $[v\text{-de}]$ kom slegs by ses vorme (*siende, slaande, staande, gaande, doende* en *synde*) voor, en daarom is hulle almal in die kategoriseringsnetwerk gelys. In die AWS-woordelys is daar slegs ses voorbeelde

gevind van die *-de*-vorm wat voorkom in deelwoorde gevorm van 'n werkwoordstuk (vergelyk Tabel 8: (1b), (2b), (3b), (4b) en (4d)). In die kategoriseringsnetwerk is al die blokkies waarin die *-de*-skemas verskyn, telkens met 'n dun buitelyn getrek. Dit dui daarop dat die *-de*-vorme 'n lae frekwensie en lae produktiwiteit toon, aangesien dit slegs by ses werkwoordbasisse kan voorkom. Uit die prototipiese [v-end]-konstruksie spruit daar verder nog drie skemas: twee hiervan is met streeppyl aangedui as voorbeelde van uitbreidingsverhoudings, en een is met 'n stippelyl aangedui as 'n voorbeeld van 'n verlengingsverhouding (vergelyk 3.3.1.3).

a) Uitbreiding na $[[PART-V]_i end]_{Aj} \leftrightarrow [wat SEM_i]_j$

Die een uitbreiding van [v-end] as die prototipiese konstruksieskema, is $[[PART-V]_i end]_{Aj} \leftrightarrow [wat SEM_i]_j$ (kortweg [PART+ v-end]). Aangesien 'n deeltjiewerkwoord (of partikelwerkwoord) in 'n ongeskeide vorm op sy eie as 'n werkwoord kan funksioneer, voldoen dit aan die vereistes van [v-end] en word dit daarom met 'n streeppyl as 'n uitbreiding van [v-end] aangedui (vergelyk Figuur 14). Soos reeds verduidelik, is [PART+v-de] 'n verdere verlenging van [PART+v-end] en word dit daarom met 'n stippelyl op die kategoriseringsnetwerk aangedui.

b) Uitbreiding na $[[[VR][a]]_{vi} end]_{Aj} \leftrightarrow [wat SEM_i]_j$

Die ander uitbreiding van [V-end] is $[[[VR][a]]_{vi} end]_{Aj} \leftrightarrow [wat SEM_i]_j$ (kortweg $[[VR+a]_{v-end}]$) waar 'n verbaliseerder (VR) met 'n ongespesifiseerde woordsoort *a* verbind om 'n werkwoord (V) te lewer wat dan tot 'n deelwoord vervoeg kan word. Die werkwoord wat deur die verbaliseerder gevorm word, kan op sy eie as 'n werkwoord funksioneer en daarom voldoen dit ook aan die vereistes van [V-end]. In Figuur 14 is *a* as die generiese variant gebruik, maar in Tabel 8 word *a* telkens gespesifiseer as 'n werkwoord [V], as 'n naamwoord [N], of as 'n bywoord [ADV].

'n Verlenging van hierdie konstruksieskema is $[[VR+V]_{v-de}]$ wat met 'n stippelyl in die kategoriseringsnetwerk aangedui word. In hierdie skema is die *a* nie nodig nie, aangesien dit slegs moontlik is dat die *a* 'n [V] kan wees; dit word dan as [V] in die kategoriseringsnetwerk gespesifiseer (vergelyk Figuur 14). Buiten die voorbeeld by (4d) in Tabel 8, is die ander voorbeelde in Tabel 8 en Figuur 14 eie voorbeelde ter illustrasie, aangesien daar nie voorbeelde in die AWS gevind is nie.

c) Verlenging na $[[[a]_i[V]_j]_{VP} \text{end}]_{Ak} \leftrightarrow [\text{wat SEM}_j \text{ in REL tot SEM}_i]_k$

Die stippelpyl dui die verlengingsverhouding aan tussen die prototipiese konstruksie $[V\text{-end}]$ en $[[[a]_i[V]_j]_{VP} \text{end}]_{Ak} \leftrightarrow [\text{wat SEM}_j \text{ in REL tot SEM}_i]_k$ (kortweg $[[a+V]_{VP\text{-end}}]$). In hierdie skema verbind 'n onbekende entiteit a met 'n werkwoord om 'n werkwoordstuk (aangedui met VP) te lewer waaraan -end verbind. Die skema $[[a+V]_{VP\text{-end}}]$ word as 'n voorbeeld van 'n verlengingsverhouding van $[V\text{-end}]$ gesien, aangesien dit nie aan al die vereistes van $[V\text{-end}]$ voldoen nie: die [VP] kan nie net so as 'n werkwoord gebruik word in die semantiese parafrase 'wat V' nie. Die [VP] wat gelewer word en waaraan die deelwoordmorfeem verbind, impliseer dat die parafrase van $[[a+V]_{VP\text{-end}}]$ uitgebrei behoort te word om voorsiening te maak vir die addisionele inligting in die werkwoordstuk.

In Figuur 14 is die komponente wat die werkwoordstuk vorm generies gehou en aangedui met a . In Tabel 8 is die verskillende kombinasies van komponente wat so 'n woordgroep uitmaak, gespesifiseer as 'n verbinding van 'n naamwoord en 'n werkwoord $[N+V]$ (vergelyk Tabel 8, (4a)), en 'n verbinding van 'n bywoord en 'n werkwoord $[ADV+V]$ (vergelyk Tabel 8, (4c)). Onvoltooide deelwoorde wat op hierdie manier gevorm word (deur $[[a+V]_{VP\text{-end}}]$) toon 'n hoë voorkomingsfrekwensie in die AWS (altesaam 56.1%), en daarom is die blokkie in die kategoriseringsnetwerk donker omraam.

Net soos wat dit die geval was by die uitbreidingsverhoudings, kry ons hier ook 'n verlenging van $[[a+V]_{VP\text{-end}}]$ na $[[a+V]_{VP\text{-de}}]$ en word hierdie uitbreiding ook met 'n stippelpyl in die kategoriseringsnetwerk aangedui. In Tabel 8 is hierdie verlengingstipe ook telkens gelys onder die verskillende instansiërings van a . Uit die AWS-woordelys is ses voorbeelde hiervan gevind.

Hierdie verlengingsvariasie kan nie soos die ander variasies geparafraseer word as 'wat V' nie (vergelyk (1) tot (3) in Tabel 8). Die oorkoepelende parafrase aan die regterkant van die pyl van die laaste groep, is $[\text{wat SEM}_j \text{ in REL tot SEM}_i]_k$: die betekenis 'k' word gelewer as jy wat 'j' beteken (aangedui met SEM_j) konseptualiseer in verhouding (aangedui met 'REL') tot die betekenis van 'i' (aangedui met SEM_i). Vergelyk die parafrases in (48a) en (48b) van voorbeelde uit die AWS.

- (48a) $[[[N]_i[V]_j]_{VP} \text{end}]_{Ak} \leftrightarrow [\text{wat SEM}_j \text{ in REL tot SEM}_i]_k$
bedlêend \leftrightarrow wat lê in een of ander verhouding tot (op/in) bed
- (48b) $[[[A]_i[V]_j]_{VP} \text{end}]_{Ak} \leftrightarrow [\text{wat SEM}_j \text{ in REL tot SEM}_i]_k$
snelvarend \leftrightarrow wat vaar in een of ander verhouding tot (die wyse) snel

4.3 Karakterisering van voltooide deelwoorde in Afrikaans

Net soos wat die onvoltooide deelwoord gekarakteriseer is op beide die fonologiese en semantiese pool, gaan die voltooide deelwoord ook op hierdie twee pole beskryf word. 'n Volledige beskrywing van die voltooide deelwoord sluit daarom ook 'n fonologiese beskrywing (vergelyk 4.3.1) en semantiese beskrywing (vergelyk 4.3.2) in, alvorens 'n kategoriseringsnetwerk gegee word (vergelyk 4.3.3).

4.3.1 Karakterisering op die fonologiese pool

Swak voltooide deelwoorde is besonder produktief in Afrikaans. Die prototipiese morfologiese struktuur van die voltooide deelwoord is *ge-V-d/-t* (kan ook weergegee word as *ge-...-d/-t*) met die *ge*-lose vorm *...-d/-t* as 'n allomorf daarvan. Die *-d/-t* is nie verpligtend in die predikatiewe gebruik van die deelwoord nie; intendeel, dit word meestal daarsonder gebruik as gevolg van die woordfinale *-d/-t*-skrappingsreël in Afrikaans (Combrink, 1990:24-25). Die *-d/-t* kom meestal eers na vore wanneer die voltooide deelwoord attributief gebruik word en die *-d/-t* deur 'n attributiewe *-e* gevolg word. Die (*d*) of (*t*) word by die voorbeelde in Tabel 9 in hakies geplaas om die predikatiewe vorm te illustreer wat sonder die *-d/-t* gebruik kan word.

Die AWS (Taalkommissie, 2009) bied spelriglyne wat spesifiek verband hou met die ortografiese realisering van voltooide deelwoorde en is dus van belang as 'n mens 'n karakterisering op die fonologiese pool wil gee. Dit moet in gedagte gehou word dat wanneer die AWS (Taalkommissie, 2009) na voltooide deelwoorde verwys, die PK-vorme (verledetyds- en passiefvorme) daarby ingesluit word. Die PK-vorme behoort nie as deelwoorde gereken te word nie, en in die volgende afdeling (vergelyk 4.4) word die deelwoordvorm van die PK-vorme onderskei. Wanneer daar dus na die AWS-reëls verwys word, bly die essensie van die reël behoue, terwyl verwysings na die PK-vorme geïgnoreer word. Die AWS (Taalkommissie, 2009:63) verduidelik die verwysing na *-de* en *-te* deurdat voltooide deelwoorde gereeld as attributiewe byvoeglike naamwoorde

gebruik word en dan altyd 'n *-e* aan die einde kry; soos in die res van die hoofstuk, verwys ek egter slegs na *-d/-t*. Vervolgens word 'n opsomming van die spelriglyne uit die *AWS* aangebied.

- Reël 11.5 (a) het betrekking op die verpligte of opsionele gebruik van die slot-*d*. Voltooide deelwoorde wat as byvoeglike naamwoorde of as bywoorde gebruik word, kan in die volgende twee groepe verdeel word:

- 'n Groep wat nooit sonder die slot-*d* gespel word nie (Taalkommissie, 2009:62).
Voorbeelde: *bedaard*, *verbeurd*, *verveeld*
- 'n Groep wat met óf sonder die slot-*d* gespel kan word (Taalkommissie, 2009:62).
Voorbeelde: *bedroef(d)*, *gejaag(d)*, *gekleed(d)*

- Reëls 11.6 tot 11.11 beantwoord die vraag wanneer deelwoorde *-d* of *-t* neem.

- Reël 11.6: Voltooide deelwoorde wat op *-k* of *-p* eindig, kry *-t* (Taalkommissie, 2009:63).

Voorbeelde: *bedekte*, *geykte*, *versteekte*, *gelapte*, *verlepte*, *versuipte*

Hierdie reël kan as 'n skema uitgedruk word soos in (49a). Volgens (49a) lees reël 11.6 soos volg: 'n voltooide deelwoord word met *-t* gevorm indien die werkwoord [v] eindig (\$) op 'n *-k* of 'n *-p*. Die onderste deel van die skema gee meer spesifisering met betrekking tot [V] en word met 'n streep aangedui; "as" dui op die voorwaarde van die spesifisering.

(49a) [ge[v]t]
 |
 as [...[k|p]\$]

- Reël 11.7: Voltooide deelwoorde wat op *-f*, *-g* of *-s* eindig, kry *-t* of *-d*⁴¹ (Taalkommissie, 2009:63). In (49b) word die skema vir reël 11.7 gegee.
Voorbeelde: *gestyfd*e of *gestyft*e, *ingelegd*e of *ingelegt*e, *verysd*e of *veryst*e

(49b) [ge[V]t/d]
 |
 as [...[f|g|s]\$]

⁴¹ Die *AWS* (Taalkommissie, 2009:63) gee erkenning aan vorme wat gevestig geraak het. Alhoewel mens volgens die reël 'n keuse het tussen *-d* en *-t*, het een vorm mettertyd meer en die ander minder gebruiklik geraak.

- Reël 11.9: Indien 'n voltooide deelwoord op 'n werkwoord berus wat op *-l*, *-m*, *-n*, *-ng*, *-r*, 'n vokaalletter of 'n diftong eindig, kry dit altyd *-d* (Taalkommissie, 2009:64). In (49c) word die skema vir reël 11.9 gegee.

Voorbeelde: *bestelde*, *verlamde*, *gemengde*, *beseerde*, *gebreide*

(49c) [ge[v]d]
 |
 as [...[l|m|n|ŋ|r|vok|dif]\$]

- Reël 11.10: Voltooide deelwoorde wat *-b* of *-d* eindig, voorafgegaan deur 'n kort vokaal behalwe [i] of [u], kry *-d* (Taalkommissie, 2009:64). In (49d) word die skema vir reël 11.10 gegee.

Voorbeelde: *geskubde*, *geribde*, *geredde*, *geskudde*

(49d) [ge[v]d]
 |
 as [...[a|ɛ|ə|ɔ|œ|y][b|d]\$]

- Reël 11.11: Voltooide deelwoorde wat op *-d* eindig, voorafgegaan deur die vokale [i] of [u] of enige lang vokaal, kry slegs *-e* in die attributiewe funksie (Taalkommissie, 2009:64). In (49e) word die skema vir reël 11.11 gegee.

Voorbeelde: *bespiede*, *bebloedde*, *opgevoedde*, *gelodde*

(49e) [ge[v]]
 |
 as [...[a:|ɛ:|o:|œ:|y:|i|u][d]\$]

- Reëls 17.1 tot 17.6 gee riglyne vir die gebruik al dan nie en die wisseling van *ge-* by spesifieke deelwoorde.

- Reël 17.1: Meerlettergrepige woorde wat nie op *-eer* eindig nie en waarvan die hoofklem nie op die eerste lettergreep val nie, vorm deelwoorde sonder *ge-* (Taalkommissie, 2009:162-163).

- By onskeibare werkwoorde

Voorbeelde: *is aanvaar*, *is agtervolg*, *is omhein*, *is mishandel*, *is deursoek*

- By werkwoorde met *be-*, *ge-*, *er-*, *her-*, *ont-* en *ver-*.

Voorbeelde: *is erken*, *is geniet*, *is verskoon*

Skema (49f) stel reël 17.1 soos volg voor: voltooide deelwoord word sonder *ge*- gevorm indien die werkwoord [V] nie op *-eer* eindig (\$) nie en begin (^) op 'n onbeklemtoonde lettergreep by onskeibare werkwoorde, of begin (^) op 'n onbeklemtoonde (-klem) *be-*, *ge-*, *er-*, *her-*, *ont-* en *ver-*.

(49f) [[V]d/t]
 |
 as [^-klem onskeibare V...] en nie [...[eer]\$]
 as [^-klem *ge|be|er|her|ont|ver*...] en nie [...[eer]\$]

- Reël 17.2: Werkwoorde wat geskei kan word of werkwoorde met die klem op die eerste lettergreep⁴², vorm voltooide deelwoorde met *ge-* (Taalkommissie, 2009:163). In (49g) word die skema vir reël 17.2 gegee.

Voorbeelde van werkwoorde wat geskei kan word of waarvan die klem op die eerste lettergreep val: *deurgesoek*, *voorgekom*, *weggeskram*, *perdgeroy*, *vergeskop*

(49g) [[...]ge[V]d/t]
 |
 as [^ [+klem skeibare V]...]

- Reël 17.5: Voltooide deelwoorde op *-eer* kry altyd *ge-* wanneer dit voor 'n naamwoord gebruik word (AWS, 2009:165). (49h) gee die skema vir reël 17.5.

Voorbeelde: *gegenereerde fondse*, *gehanteerde probleem*, *gewaardeerde hulp*, *geïllustreerde blaai*

(49h) [[ge-V-d/t][N]]_{NP}
 |
 as [...[eer]\$]

- Reël 17.6: Skeibare werkwoorde met die klem op die partikel, vorm deelwoorde met *-ge-* tussen die partikel en die werkwoord (Taalkommissie, 2009:165). In (49i) word die skema vir reël 17.6 gegee.

Voorbeelde: *agtergebly*, *opgebou*, *uitgesaai*, *voorgekom*, *wegge-loop*

(49i) [[...]ge[V]d/t]
 |
 as [^ [+klem PART]...]

⁴² Afhangend van die uitspraak van die taalgebruiker, word woorde met *her-* met of sonder *ge-* gevorm. Wanneer die spreker die klem op *her-* in die eerste lettergreep plaas, kry dit *ge-*. Wanneer *her-* nie beklemtoon word nie, kry dit nie *ge-* nie.

Tabel 9 is saamgestel uit verskillende vorme voltooide deelwoorde wat in die AWS-woordelys geïdentifiseer is met inagneming van die relevante spelreglyne wat in die AWS gegee word. Die spelreëls wat geld of deelwoorde met *ge-* (groep 1) of sonder *ge-* (groepe 3 en 4) gevorm word en wanneer die *-ge-* tussen die dele voorkom (groep 2), is verreken in die verskillende konstruksieskemas. Elkeen van hierdie tipes verbind in die kategoriseringsnetwerk met die verskillende spelreëls vir die gebruik van *-d/-t*. Die grys dwarslyne deel die nege verskillende konstruksieskemas van voltooide deelwoorde in vier oorhoofse groepe wat ook in die kategoriseringsnetwerk (vergelyk Figuur 18) blyk. Die verskillende deelwoordvorme in Tabel 9 is ter illustrasie voorsien van 'n paar voorbeelde uit die AWS-woordelys.

Die konstruksieskema van elke tipe konstruksie word ook weer gegee volgens die formalismes wat Booij in KM gebruik (vergelyk 3.3.1.2.). Die betekenis wat *ge-...-d/t* aan die werkwoordbasis verleen, is 'die voltooide staat of toestand van V'. Die frekwensiekolom moet weer eens nie verstaan word as 'n gebruiksfrekwensie van werklike taaldata nie, maar 'n frekwensie van die hoeveelheid voorbeelde wat in die AWS-woordelys per gelyste tipe gevind is.

Tabel 9: Variante en frekwensie van voltooide deelwoorde uit die AWS-woordelys

	Deelwoordvorm	Voorbeeld	Konstruksieskema	F	%
1	$[ge-V-d/t]$	<i>gebreek(t)</i> <i>geraam(d)</i>	$[ge [V]_i d/t]_{A_j} \leftrightarrow [voltooide\ staat\ van\ SEM_i]_j$	281	21.36
2	$[PART-ge-V-d/t]$	<i>ingekleur(d)</i> <i>aangetrek(t)</i>	$[[PART]_i ge [V]_i d/t]_{A_j} \leftrightarrow [voltooide\ staat\ van\ SEM_i]_j$	619	47.10
3	$[V-d/t]$	<i>omhein(d)</i> <i>mishandel(d)</i>	$[[V]_i d/t]_{A_j} \leftrightarrow [voltooide\ staat\ van\ SEM_i]_j$	12	0.91
4a	$[[be-X]_V-d/t]$	<i>bedek(t)</i> <i>beproeff(d)</i>	$[[be-a]_{V_i} d/t]_{A_j} \leftrightarrow [voltooide\ staat\ van\ SEM_i]_j$	132	10.03
4b	$[[her-X]_V-d/t]$	<i>hernu(d)</i>	$[[her-a]_{V_i} d/t]_{A_j} \leftrightarrow [voltooide\ staat\ van\ SEM_i]_j$	3	0.23
4c	$[[er-X]_V-d]$	<i>erken(d)</i>	$[[er-a]_{V_i} d]_{A_j} \leftrightarrow [voltooide\ staat\ van\ SEM_i]_j$	2	0.15
4d	$[[ver-X]_V-d/t]$	<i>versteur(d)</i> <i>verbrons(t)</i>	$[[ver-a]_{V_i} d/t]_{A_j} \leftrightarrow [voltooide\ staat\ van\ SEM_i]_j$	222	16.88
4e	$[[ont-X]_V-d/t]$	<i>ontbeen(d)</i> <i>onthuts(t)</i>	$[[ont-a]_{V_i} d/t]_{A_j} \leftrightarrow [voltooide\ staat\ van\ SEM_i]_j$	44	3.34
				1315	100

Die eerste groep betrek die prototipiese deelwoordmorfeme *ge-...-d/t* vir voltooide deelwoorde wat 'n werkwoord [V] vervoeg (vergelyk (1) in Tabel 9) en die tweede groep is 'n uitbreiding daarvan waar 'n deeltjiewerkwoord (of partikelwerkwoord) [PART-V] (vergelyk (2) in Tabel 9) vervoeg. Wanneer 'n deeltjiewerkwoord vervoeg, kom die *-ge-* tussen die partikel en die werkwoord. Die derde groep is ook 'n uitbreiding van die prototipiese deelwoordmorfeem waar deelwoorde sonder *ge-* gevorm word van onskeibare werkwoorde waarvan die eerste lettergreep nie hoofklem dra nie (vergelyk (3) in Tabel 9). Die laaste groep is 'n verlenging van die derde groep waar deelwoorde ook sonder 'n *ge-* gevorm word, maar dat dit verbuig is van werkwoorde wat deur verbaliseerders⁴³ gevorm is (vergelyk (4a) tot (4e) in Tabel 9). In Tabel 9 word die verskillende verbaliseerders gespesifiseer as *ge-*, *be-*, *her-*, *er-*, *ver-* en *ont-*, terwyl die kategoriseringsnetwerk (vergelyk Figuur 18) 'n hoër skema vir hierdie groep gee as $[[VR-a]_V d/t]$. Die woordsoort waarmee die VR verbind om 'n werkwoord te vorm, word generies gehou en met 'n *a* voorgestel.


4.3.2 Karakterisering op die semantiese pool

Die voltooide deelwoord, net soos die onvoltooide deelwoord, is 'n transkategoriale konstruksie met die interne karakter van 'n werkwoord en eksterne karakter van 'n adjektief (Booij, 2002:75). Die prototipiese deelwoordmorfeem vir voltooide deelwoorde is *ge-...-d/t* (vergelyk Tabel 9). Die voltooide deelwoord is aspektueel van aard in die sin dat dit 'n eindstaat of finale toestand van 'n proses karakteriseer. Die semantiese parafrase aan die regterkant van die alkanptyl in die konstruksieskema is daarom 'voltooide staat van V'. Figuur 15 illustreer die semantiese effek van die voltooidedeelwoordmorfeem op die werkwoordbasis.

Net soos wat dit die geval by onvoltooide deelwoorde is, het voltooide deelwoorde ook 'n prosespredikasie (werkwoord) as basis, en die eerste semantiese effek van die voltooidedeelwoordmorfeem het eweneens impak op die wyse van skandering. Werkwoorde is prosesse wat opeenvolgend geskandeer word (vergelyk die geprofileerde komponente en die geprofileerde tydlyn by *skop* in Figuur 15). Die effek van die deelwoordmorfeem daarop is dat die opeenvolgende skandering van hierdie prosesbasis opgehef word en dat dit opsommend geskandeer word (vergelyk die

⁴³ Sien weer voetnoot 39.

ongeprofileerde tydlyn en die laaste geprofileerde staat by die morfeem in Figuur 15). Deur 'n ander wyse van skandering word 'n proses getransformeer tot 'n toestand, oftewel 'n atemporele verhouding. Eers wanneer die proses (soos *skop*) oorgeskakel word in 'n toestand, is dit moontlik dat die voltooide deelwoord kan optree as 'n adjektief of 'n bywoord (soos *geskopte*). Die morfeem se voorstelling is gearseer met 'n uitbreidingspyl na die werkwoord. Dit beteken dat die werkwoord (*skop*) as uitbreidingsterrein vir die morfeem dien.



Figuur 15: Diagrammatiese voorstelling van *geskopte*


'n Volgende effek van die deelwoordmorfeem op die verbale basis, raak die trajektor/landmerk-organisasie (vergelyk 3.4.3). Figuur 15 is 'n diagrammatiese voorstelling van 'n werkwoord (*skop*) waar die primêre fokus konseptueel op die trajektor val wat in terme van die landmerk gekonstrueer word. In (50a) sou die twee deelnemers in die skopproses Jan (*tr*) en die bal (*lm*) wees. In Figuur 15 dui die pyle wat ondertoe wys die rigting van invloed of verandering aan wat die trajektor op die

landmerk het. Die deelwoordmorfeem, daarenteen, dra die primêre fokus oor op die finale toestand en word die tipiese tr/lm-organisasie oorheers deur trajektorstatus aan oorspronklike landmerk te verleen (die donker raam om die morfeem se voorstelling dui aan dat die morfeem die profieldeterminant van die saamgestelde struktuur sal wees) (Langacker, 1991b:130, 2008a:121-122). Daar is dus 'n konseptuele diskrepans in die tr/lm-organisasie tussen die werkwoordstam (*skop*) en die voltooide deelwoord (*geskopte*). Die trajektor in *geskopte* in Figuur 15 ondergaan 'n verandering van toestand of plek, of die trajektor kry 'n addisionele eienskap by. In (50b) word bal as die trajektor gesien wat 'n verandering ondergaan het: dit was aanvanklik nie geskop nie; toe word dit getref deur 'n voet; en nou is dit 'n geskopte bal. Hierdie addisionele eienskap van “geskop-wees” word in Figuur 15 met 'n P (*property*) gemerk⁴⁴.

(50a) *Jan skop die bal oor die pale.*

(50b) *Die geskopte bal trek oor die pale.*

Daar kan verder konseptueel tussen 'n voltooide deelwoord van 'n onoorganklike werkwoord en 'n voltooide deelwoord van 'n oorganklike werkwoord onderskei word (vergelyk Figuur 16).



Figuur 16: Vergelyking tussen die diagrammatiese voorstellings van (a) *geswelde* en (b) *geverfde* (Langacker, 2008a:121)

Die onoorganklike verhouding in *geswelde* (vergelyk Figuur 16a) het slegs een deelnemer, naamlik die trajektor en (51a) en (51b) illustreer hierdie onoorganklike

⁴⁴ Waar Langacker nou die addisionele eienskap met 'n P merk, het hy dit aanvanklik met 'n wriemelpyltjie voorgestel (Langacker, 1991b:129-130).

verhouding. In (51a) word die werkwoord *swel* deur die voltooide deelwoordmorfeem in 'n staat verander: die toestand van my enkels het verander van 'normaal' tot 'geswel'; sonder dat iets of iemand noodwendig daarvoor verantwoordelik is. In (51b) word 'n nuwe eienskap deur die deelwoordmorfeem aan die werkwoord *ondergaan* toegevoeg: die son was 'n rukkie gelede nog sigbaar en het nog geskyn, maar nou het dit gesak sonder dat iets of iemand direk daarvoor verantwoordelik is.

(51a) *My enkels is **geswel**.*

(51b) *Ek sien nog steeds die skynsel van die pas **ondergegane** son.*

Wanneer die werkwoordelike stam oorganklik is, is daar twee deelnemers betrokke waar die een deelnemer (trajektor) een of ander krag of effek op die ander deelnemer (landmerk) uitoefen en sodoende word 'n verandering teweeg gebring. Hierdie krag word in Figuur 16b met die afwaartse pyl aangedui⁴⁵, en die deelnemer wat die verandering ondergaan, word as die trajektor gekies (Langacker, 1991b:130). Ook hier word slegs die finale staat, die resultaat van die verandering wat plaasgevind het, geprofileer.

Die semantiese konseptualisering van (52a) impliseer dat iets of iemand 'n krag op die takke uitgeoefen het en gevolglik het daar 'n toestandsverandering by die takke plaasgevind: hulle was voorheen deel van die boom en nou is hulle afgebreek. Die voltooide toestand van gebreekte takke deur 'n versweë iets of iemand (waarskynlik die wind) word in hierdie konseptualisering as die trajektor gesien. In (52b) word die takke steeds as trajektor gesien en word 'n nuwe eienskap aan die takke toegevoeg: om opgekap te wees.


(52a) *Die wind het verwoed gewaai, en die **afgebreekte** takke lê onder die boom.*

(52b) *Al die takke is alreeds **opgekap**.*

Daar is 'n fyn onderskeid tussen die konseptualiserings van 'n voltooide deelwoord van 'n onoorganklike werkwoord en 'n voltooide deelwoord van 'n oorganklike werkwoord. Die kern van die onderskeid is daarin geleë of daar slegs een deelnemer of twee deelnemers in die konseptualisering teenwoordig is. Ons kan natuurlik redeneer dat die aarde se omwenteling om die son verantwoordelik is daarvoor dat die son sak in (51b),

⁴⁵ Die invloed wat die landmerk op die trajektor uitoefen, word ook soms met 'n dubbelyn afwaartse pyl aangedui (Langacker, 1991b:130).

maar dit is nie belangrik vir die konseptualisering van die deelwoord in die sin nie. Daarteenoor is die opgekapte toestand van die takke in (52b) duidelik die gevolg van iets of iemand wat dit moes opkap. In werklikheid is daar dus nie 'n verskil tussen die konseptualiserings wat in Figuur 16a en Figuur 16b geïllustreer is nie: die eindstaat of finale toestand word geprofileer. Daar is bloot soms slegs een deelnemer en soms twee. Samevattend word die voltooidedeelwoordmorfeem voorgestel in Figuur 17.




Figuur 17: Diagrammatiese voorstelling van 'n voltooidedeelwoordmorfeem

4.3.3 'n Kategoriseringsnetwerk vir die voltooidedeelwoord

Die kategoriseringsnetwerk van die voltooidedeelwoord (vergelyk Figuur 18) is die resultaat van 'n geïntegreerde interpretasie van die voorbeelde in die AWS-woordelys (vergelyk Tabel 9) en die spelreëls wat in die AWS (Taalkommissie, 2009:62-64, 162-165) gegee word. Die riglyn vir die vorming van voltooidedeelwoorde met of sonder *ge-* word ondervang in 'n verlengingskema in die netwerk, en daarom is *ge-* in hakies geplaas om aan te dui dat dit opsioneel is.

Die kategoriseringsnetwerk vir voltooidedeelwoorde dui die prototipiese konstruksieskema aan as $[ge[V]_i d/t]_{Aj} \leftrightarrow [voltooidedeel\ staat\ van\ SEM_i]_j$. Daar is twee verlengings (aangedui met stippelpyle) van die prototipiese konstruksie, aangesien nie een van hulle aan die prototipiese struktuur voldoen nie. Die een verlenging is waar die partikelwerkwoord verbuig word en die *-ge-* tussen die dele geplaas word. Hierdie variasietipe is in 'n blokkie met 'n donker raam, aangesien dit baie produktief is: net oor 47% van die voorbeelde van voltooidedeelwoorde wat in die AWS gevind is, is hiervolgens gevorm. Die ander verlenging is die *ge-*lose vorm vir voorbeelde soos

omheinde of *mishandelde*. Daar is laastens ook 'n uitbreidingsverhouding van die *ge*-lose vorm na *ge*-lose vorms by deelwoorde wat gevorm word van werkwoorde wat deur verbaliseerders gevorm is.



Figuur 18: 'n Vereenvoudigde kategoriseringsnetwerk vir voltooide deelwoorde

4.4 Vergelyking tussen die deelwoordvorm en die PK-vorme

Uit die literatuuroorsig in Hoofstuk 2 het dit duidelik geblyk dat daar meestal 'n vae onderskeid getref word tussen die verskillende vorme van die werkwoord (naamlik die vorm van voltooide deelwoord en die PK-vorme), of soms selfs glad nie hiertussen onderskei word nie. In hierdie afdeling gaan 'n duideliker onderskeid tussen hierdie verskillende vorme van die werkwoord getref word. Die PK-vorme, naamlik die vorme van die werkwoord in die verledetyds- en passiefkonstruksies, is doelbewus in die voorafgaande beskrywings van die deelwoord weggelaat. In hierdie afdeling word die deelwoordvorm en die PK-vorme op beide die fonologiese en semantiese pole met mekaar vergelyk om sodoende die onderskeid tussen dié vorme te beskryf.

4.4.1 Vergelyking op die fonologiese pool

Die woordfinale *-d/-t*-skrappingsreël in Afrikaans (Combrink, 1990:24-25) is volkome voltrek in die PK-vorme van die werkwoord, terwyl dit nie die geval is by die deelwoordvorm nie. Dit beteken dat die PK-vorme van die werkwoord deurgaans glad nie deur *ge-V-d/-t* gevorm word nie, maar slegs deur *ge-V*. As 'n mens slegs die prototipiese konstruksieskema van 'n deelwoordvorm (53a) vergelyk met dié van 'n PK-vorm, byvoorbeeld die verledetydsvorm van die werkwoord (53b), is die verskil duidelik. Die verskil is ewe duidelik by die *ge*-lose vorme van die deelwoord (53c) en die *ge*-lose PK-vorm (53d).

(53a) [*ge* [V]_i *d/t*]_{Aj} ↔ [voltooide staat van SEM_i]_j

(53b) [*ge* [V]_i]_{Aj} ↔ [PST van SEM_i]_j

(53c) [[V]_i *d/t*]_{Aj} ↔ [voltooide staat van SEM_i]_j

(53d) [[V]_i]_{Aj} ↔ [PST van SEM_i]_j

Verwarring tussen die vorme ontstaan wanneer die deelwoordvorm in die predikatiewe posisie sonder die *-d/-t* gebruik word, want dan lyk die vorme op die oog af dieselfde. Wanneer die deelwoord in die attributiewe posisie gebruik word, is daar nie meer verwarring nie, aangesien die *-d/-t* dan gerealiseer word.

Al onderskei die AWS (Taalkommissie, 2009) nie tussen die PK-vorme en 'n deelwoordvorm nie, en al gebruik die AWS (Taalkommissie, 2009:162) die term 'deelwoord' om na beide vorme te verwys, onderskei die reëls self genoegsaam tussen die vorme. AWS-reël 11.5 (Taalkommissie, 2009:62) is myns insiens genoegsame ondersteuning om tussen die PK-vorme en die deelwoordvorm te onderskei.

- Reël 11.5 betrek slegs die PK-vorme: "Voltooide deelwoorde in werkwoordfunksie word altyd sonder *-d* aan die einde gespel ..." (Taalkommissie, 2009:62) – 'n reël wat glad nie op die adjektieffunksie (en dus deelwoord) van toepassing is nie. Hierdie reël sou in die terminologie van hierdie verhandeling herformuleer kan word as: "Die perifrastiese konstruksievorme van die werkwoord word altyd sonder *-d* aan die einde gespel ...".

- AWS-reëls 11.6 tot 11.11 (Taalkommissie, 2009:63-64) beantwoord die vraag wanneer die deelwoordvorm *-d* of *-t* neem (vergelyk 4.3.1). Al hierdie reëls is duidelik slegs van toepassing op die deelwoordvorm en nie die PK-vorme nie.

Alhoewel sterk voltooide deelwoorde nie binne die fokus van hierdie studie val nie, is sterk voltooide deelwoorde ook deurslaggewend vir die onderskeid tussen 'n deelwoordvorm en PK-vorme, aangesien sterk voltooide deelwoorde nooit as 'n vorm in 'n werkwoordfunksie gebruik word nie – nie in die verledetydskonstruksie nie en ook nie in die passiefkonstruksie nie. Buiten sterk voltooide deelwoorde, is predikatiewe deelwoordvorme met 'n verpligte *-d* moontlik ewe bepalend vir die onderskeid tussen die verskillende vorme van die werkwoord. In (54) is drie voorbeeldsinne gegee met die werkwoord *trou*. Sin (54a) en sin (54b) sal beide ongrammatikaal wees indien die werkwoordvorm *getroud* gebruik sou word. Sin (54c) sou 'n ander betekenis hê indien die *-d* weggelaat sou word: met die *-d* beteken die sin dat hulle vir twee jaar in die eg verbind was (*getroud*), en sonder die *-d* sal die sin beteken dat hulle vir twee jaar eerlik en opreg (*getrou*) teenoor mekaar was voor hulle geskei het.

(54a) *Die magistraat het Jan en San **getrou**.*

(54b) *Jan en San is deur die magistraat **getrou**.*

(54c) *Jan en San was vir twee jaar **getroud** voor hulle geskei het.*

Dieselfde geld vir die werkwoord *verwar*. Sin (55a) en sin (55b) sal ongrammatikaal wees indien *verwar* met 'n *-d* gebruik sou word; en sin (55c) sou 'n ander betekenis hê sonder die *-d*: dat iemand die 'ek' verwar het en nie dat die 'ek' in 'n toestand van verwardheid verkeer nie.

(55a) *Piet se notas het my verskriklik **verwar**.*

(55b) *Ek word maklik deur Piet se notas **verwar**.*

(55c) *Ek is só **verward** vandag!*

Soms word die gebruik van die *-d/-t* bepalend vir betekenisonderskeiding by *ge*-lose vorme van die deelwoord, al is die *-d/-t* in die betrokke woord opsioneel. Byvoorbeeld, wanneer 'n mens 'n lys maak met die doel om take wat voltooi is, neer te skryf, kan mens byvoorbeeld slegs *voltooi* boaan skryf. Die moontlikheid bestaan dan dat *voltooi* verkeerdelik geïnterpreteer kan word as 'n lys take wat nog voltooi moet word, in plaas van take wat reeds voltooi is. Indien die opskrif '*voltooid*' is, sal daar geen onsekerheid

wees oor wat bedoel word nie. Dieselfde kan gebeur met *betaal*. Indien mens 'betaal' langs 'n bedrag skryf (vergelyk (56a)), kan dit geïnterpreteer word dat die bedrag nog uitstaande is, of dat betaling ontvang is. Indien daar '*betaald*' staan (vergelyk (56b)), sal daar geen verwarring wees dat die betaling ontvang is nie.

(56a) R100.00 – *betaal*

(56b) R100.00 – *betaald*

AWS-reëls 17.1 tot 17.6 (Taalkommissie, 2009:162-165) gee riglyne oor die gebruik al dan nie van *ge-*. Aangesien beide die deelwoordvorm en die PK-vorme in sommige gevalle met of sonder *ge-* gevorm word, geld hierdie reëls vir beide vorme. Hierdie ses reëls blyk dus die enigste reëls te wees wat vir beide vorme geld – bloot as gevolg van die *ge-* vooraan wat ooreenstem.

Tabel 10 gee 'n opsomming van die verskil tussen die deelwoordvorm en die PK-vorme. Die grys gemerkte blok in Tabel 10 toon die enigste plek aan waar daar 'n verwarring tussen die deelwoordvorm en die PK-vorme kan wees.

Tabel 10: Vergelyking tussen die deelwoordvorme en die PK-vorme

Deelwoordvorme	Konstruksieskemas: deelwoord	Vergelyking met PK-vorm
Onvoltooide deelwoord	$[[V]_i \text{ end}]_{Aj} \leftrightarrow [\text{wat SEM}_i]_j$	Kom glad nie as 'n PK-vorm voor nie en kan dus nie met 'n PK-vorm verwar word nie.
Sterk voltooide deelwoord	geleksikaliseerde vorm	Kom glad nie as 'n PK-vorm voor nie en kan dus nie met 'n PK-vorm verwar word nie.
Swak voltooide deelwoord	$[ge [V]_i d/t]_{Aj} \leftrightarrow [\text{voltooide staat van SEM}_i]_j$	Kom in die attributiewe posisie altyd met <i>-d/-t</i> voor en kan dus nie met 'n PK-vorm verwar word nie. Het soms in die predikatiewe posisie 'n verpligte <i>-d/t</i> ; kan dan ook nie met die PK-vorm verwar word nie.
	$[ge [V]_i]_{Aj} \leftrightarrow [\text{voltooide staat van SEM}_i]_j$	Kom gereeld in die predikatiewe posisie sonder 'n <i>-d/t</i> voor, in welke gevalle dit dan moontlik is om dit met die PK-vorm te verwar.

4.4.2 Vergelyking op die semantiese pool

Die predikatiewe gebruik van voltooide deelwoorde in 'n adjektieffunksie word altyd saam met 'n koppelwerkwoord in 'n sin gebruik, terwyl die PK-vorm van die werkwoord altyd saam met 'n hulpwerkwoord voorkom. In die verledetydskonstruksie word die

werkwoordvorm saam met *het* (hulpwerkwoord van tyd) gebruik, en in die passiefkonstruksie word die werkwoordvorm saam met *word* (vir 'n duratiewe lesing) of *is* (vir 'n voltooide lesing) gebruik (beide hulpwerkwoorde van vorm). Alhoewel die morfologiese struktuur van die PK-vorme, te wete die verledetydsvorm en die passiefvorm, op die fonologiese pool altyd presies dieselfde is, het hulle verskillende karakteriserings op die semantiese pool, soos vervolgens geïllustreer sal word.

4.4.2.1 Die passiefkonstruksie

Alhoewel die morfologiese struktuur van die deelwoordvorm [*ge-V-d/t*] en dié van die passiefvorm [*ge-V*] van mekaar verskil, word hulle gereeld met mekaar verwar wanneer die deelwoordvorm in die predikatiewe posisie sonder *-d/-t* gebruik word. Sin (57a) is duidelik in die passiewe vorm: Oupa het die deur gesluit. Dieselfde interpretasie is nie so voor die hand liggend in (57b) sonder die eksplisiete identifisering van die agent (*deur Oupa*) nie. Inteendeel, dit is onmoontlik om te bepaal of (57b) 'n passiewe sin is wat fokus op die proses wat reeds voltrek is (waar Oupa reeds die deur gesluit het) en of dit 'n teenwoordige stelling is waar die laaste toestand van 'n proses uitgedruk word (ongegag wie die deur gesluit het, word daar gefokus op die feit dat die deur gesluit is, nie oop is nie).

(57a) *Die buitedeur is deur Oupa **gesluit**.*

(57b) *Die buitedeur is **gesluit**.*

Vergelyk die voorbeeldsinne in (58) hieronder, waar die agent in die passiefkonstruksies doelbewus weggelaat is om die verwarring te illustreer. Sin (58a) is ingesluit om konteks te verleen aan die passiewe sin (58b), waar Geert nou besig is om die stoep te vee. In die passiewe sin (58c) het Geert klaar die stoep gegee. Vandat Geert klaar die stoep gegee het in (58c), kan mens nou in (58d) dit stel dat die stoep skoon is, dat dit gegee is, dat die stoep nie meer vuil is nie. As die wind begin waai en die stoep weer vol blare en stof waai, dan kan (58e) uitdruk dat die stoep gegee wás, maar nou nie meer is nie – dit is weer vuil. Sin (58e) is die verlede tyd van (58d).

(58a) *Geert **vee** die stoep.* [aktiewe sin in die teenwoordige tyd]

(58b) *Die stoep **word gegee**.* [onvoltooide passiefkonstruksie]

(58c) *Die stoep **is gegee**.* [voltooide passiefkonstruksie]

(58d) *Die stoep **is gegee**.* [voltooide deelwoord in die teenwoordige tyd]

(58e) *Die stoep was gevee.* [voltooide deelwoord in die verlede tyd]


Aangesien sinne (58c) en (58d) presies dieselfde lyk, is dit moeilik om tussen hulle te onderskei sonder konteks. Die argument hier is dat die aard van die 'is', sowel as die aard van die werkwoordvorm verskil. Sin (58c) is 'n voltooide passiefkonstruksie wat bestaan uit die hulpwerkwoord van vorm *is* en die passiefvorm *gevee*, en in (58d) is *gevee* 'n statiewe voltooide deelwoord wat saam met die koppelwerkwoord *is* gebruik word. Wanneer 'n mens onseker is watter een van die twee moontlike interpretasies in 'n sin gebruik is, is daar 'n paar riglyne en toetse wat aangelê kan word om die onderskeid te maak:

- Indien die agent in (58c) teenwoordig was, sou daar nie verwarring gewees het nie. Die eksplisiete teenwoordigheid van 'n agent sou aandui dat die sin in die passief is en dat *gevee* dus 'n PK-vorm sou wees.
- Die tempus van die twee sinne is verskillend: die passiefkonstruksie in (58c) is in die verlede tyd en die koplakonstruksie in (58d) is in die teenwoordige tyd. Om te toets vir die passiefkonstruksie kan 'n mens die *is* met *word* vervang en sodoende bepaal of dit dan 'n getroue teenwoordigetydsvorm van die passief in die bepaalde tekstuele konteks lewer. Indien wel, is dit 'n passiefkonstruksie en gevolglik is *gevee* 'n PK-vorm. Indien nie, is dit 'n koplakonstruksie en is *gevee* dus 'n deelwoordvorm.
- Indien die tempusonderskeiding nie help nie, kan 'n mens die *is* in (58d) met ander koppelwerkwoorde vervang. *Die stoep is gevee* sal redelik maklik herformuleer kan word as *Die stoep lyk gevee*. Indien die vervanging nie die betekenis van die sin binne die tekstuele konteks aantast nie, is die *is* as koppelwerkwoord gebruik en is *gevee* dus 'n voltooide deelwoord.

Dieselfde kwasipiktorale diagramme as wat in afdeling 4.3.1 en afdeling 4.3.2 gebruik is om die semantiese karakterisering van die onvoltooide en voltooide deelwoord mee te illustreer, kan gebruik word om die werkwoordvorm in die passiefkonstruksie te illustreer. Deur die twee semantiese karakteriserings met mekaar te vergelyk, kan die ooreenkomste en verskille met die voltooide deelwoordvorm duidelik aangetoon word.

Beide die deelwoordvorm (vergelyk Figuur 19a) en die passiefvorm (vergelyk Figuur 19b) het 'n prosesbasis. 'n Verdere ooreenkoms tussen die twee vorme van die werkwoord is dat die passiefvorm ook die opeenvolgende skandering ophef en dit

opsommend skandeer (vergelyk die tydlyn in beide Figuur 19a en Figuur 19b wat nie meer geprofileer is nie). Deur die opsommende skandering word die temporele prosesbasis getransformeer tot 'n atemporele verhouding.




Figuur 19: Vergelyking tussen die diagrammatiese voorstellings van (a) die deelwoordvorm en (b) die passiefvorm van die werkwoord (Langacker, 2008a:119,121)

'n Ander ooreenkoms tussen die deelwoordvorm en die passiefvorm is dat daar by die passiefvorm, uit die aard van sy passiewe konstruering, ook sprake is van omgekeerde tr/lm-organisering. Die trajektor by die passiefvorm is, net soos by die deelwoordvorm, altyd die deelnemer waarop die krag van die landmerk uitgevoer word of wat die verandering ondergaan.


'n Duidelike verskil tussen die deelwoordvorm en die passiefvorm is dat die deelwoordvorm slegs die finale toestand van die proses profileer, terwyl die passiefvorm al die state van die proses profileer soos dit ontvou. Dit is belangrik om daarop te let dat die passiefvorm op sy eie glad nie meer 'n proses is nie, aangesien die profilering van die temporele aard opgehef is deur opsommende skandering. Eers wanneer die passiefvorm en die hulpwerkwoord as komponentstrukture in die saamgestelde struktuur van die passiefkonstruksie optree, verleen die hulpwerkwoorde weer 'n positiewe temporele profiel aan die konstruksie (vergelyk Figuur 20). Die konstruksie kan weer gesien word as die vorming van 'n prosesverhouding, want binne die konstruksie voorsien die hulpwerkwoord (*word/is*) temporaliteit aan die passiefvorm se meer spesifieke inhoud (Langacker, 2008a:125).

Figuur 20 stel die passiefkonstruksie voor. Die hulpwerkwoord retemporaliseer die passiefvorm wat deur opsommende skandering tot 'n atemporele verhouding getransformeer is.



Figuur 20: Die passiefkonstruksie

Samevattend kan die *ge*-morfeem in die passief soos in Figuur 21 voorgestel word.




Figuur 21: Diagrammatiese voorstelling van 'n passiefmorfeem

Die *ge*- in die passiefvorm is ook afhanklik van die werkwoordstam en daarom is die agtergrond van die morfeem ook gearseerd en wys die uitbreidingspeil dat die werkwoord [V] as uitbreidingsterrein dien. Die passief-*ge*- is ook afhanklik van die hulpwerkwoord van vorm (*word/is*) om die passiefvorm te retemporaliseer. Daarom is

die balk op die tydlyn van die morfeem ook gearseerd met 'n verdere uitbreidingspeil na die hulpwerkwoord.

4.4.2.2 Die verledetydskonstruksie

In Engels kom die werkwoordvorm⁴⁶ in perfektumkonstruksies saam met die hulpwerkwoord *have* voor, en in Nederlands bestaan die perfektumkonstruksies uit die hulpwerkwoord *hebben* saam met die perfektumvorm van die werkwoord (vergelyk Figuur 22). Afrikaans het egter nie presies dieselfde perfektumkonstruksie nie. Indien Afrikaans 'n perfektum (voorverlede) aspektuele kontoer wil uitdruk, maak ons onder andere gebruik van bywoorde soos *klaar* of *reeds*. Die karakterisering van die werkwoordvorm in die perfektumkonstruksie geld dus vir Engels en Nederlands, nie vir Afrikaans nie.



Figuur 22: Die perfektumkonstruksie in Engels en Nederlands

Langacker (2008a:121) se semantiese karakterisering van perfektumkonstruksies stem grootliks ooreen met dié van passiewe konstruksies. Die morfologie van die werkwoordvorm wat in perfektumkonstruksies voorkom (vergelyk Figuur 22) hef die


⁴⁶ Engels en Nederlands verwys ook na hierdie perfektumvorm as 'n voltooide deelwoord. Vergelyk afdeling 2.4.3.1 en 2.5.

opeenvolgende skandering van die prosesbasis op en gevolglik word die atemporele verhouding opsommend geskandeer. Die fokus van die atemporele verhouding val, net soos by die passiefvorm, op die finale staat, maar anders as by die passiefvorm, bly die tr/lm-organisering hier onveranderd. Die perfektumvorm van die werkwoord dui ook die einde van die verbale proses aan en fokus terselfdertyd op die finale deelnemer of staat van die verbale proses. Wanneer die perfektumvorm van die werkwoord en die hulpwerkwoord (*have* in Engels of *hebben* in Nederlands) as komponentstrukture verbind om die perfektumkonstruksie te vorm, verleen die hulpwerkwoord 'n positiewe temporele profiel aan die konstruksie, en die konstruksie as 'n geheel word gevolglik weer as 'n proseskonstruksie gesien. Figuur 22 illustreer die perfektumkonstruksie en wys ook dat die geprofileerde perfektumkonstruksie die verwysingspunt (R) voorafgaan. Die semantiese karakterisering word eers duidelik wanneer mens begryp dat die konstruksie vanuit 'n agternaperspektief beskou word.

Die verledetydskonstruksies in Afrikaans en Nederlands verskil radikaal van mekaar. Nederlands het 'n eie verledetydskonstruksie, maar die uiterlike bou van die perfektumkonstruksie in Nederlands (*hebben + ge-V-d/t*) lyk op die oog af baie soos die verledetydskonstruksie in Afrikaans (*het + ge-V*). Dit kan histories verklaar word deurdat die Nederlandse basis van 'n perfektiewe konstruksie in 'n verledetydskonstruksie vir Afrikaans ontwikkel het. Anders as die perfektumkonstruksie in Nederlands, het die verledetydskonstruksie (*het + die verledetydsvorm van die werkwoord*) in Afrikaans reeds 'n gevestigde konvensionele waarde.


Hierdie 'gevestigde konvensionele waarde' betrek die perifrastiese konstruksie as 'n geheel: hulpwerkwoord + verledetydsvorm. Die uitdrukking van die verlede tyd lê nie opgesluit in die hulpwerkwoord of die werkwoordvorm as komponente nie, maar wel in die saamgestelde verledetydstruktuur; dáárom die verwysing na 'gevestigde konvensionele waarde'. Die gevolg van die gevestigde konvensionele waarde, is dat dit onvanpas is om die perifrastiese verledetydskonstruksie in Afrikaans te karakteriseer in terme van die perfektumkonstruksie. In Afrikaans hef die morfologie van die verledetydsvorm nie die temporele profiel van die prosesbasis op alvorens dit dan weer deur die hulpwerkwoord getemporaliseer word nie. Die verledetydskonstruksie in Afrikaans het gegrammatikaliseer (sien die verduideliking van die evolusie van *het* in Breed, 2012:65-68). Met ander woorde, dit is van nul en gener waarde om die

semantiese karakterisering van die perfektumkonstruksie op die Afrikaanse verledetydskonstruksie van toepassing te maak. Die verledetydskonstruksie (*het + ge-V*) funksioneer eenvoudig as 'n semantiese onontleedbare geheel om die werkwoordstam te merk as voorafgaande in verhouding tot die tyd van spraak (vergelyk 3.7.1). Die hulpwerkwoord *het* in die verledetydskonstruksie van Afrikaans het oor tyd sy semantiese en aspektuele karakter verloor om, soos by die perfektumkonstruksie, terug te kyk na die voltooide ervaring vanuit 'n sekere verwysingspunt (R) en het ontwikkel om uitsluitlik as 'n tempusmerker binne die verledetydskonstruksie te dien (vergelyk Figuur 23).



Figuur 23: Die verledetydskonstruksie in Afrikaans

Samevattend kan die verledetyds-*ge-* soos in Figuur 24 voorgestel word. Die *ge-* is ook afhanklik van die werkwoordstam en daarom is die agtergrond van die morfeem ook gearseerd en wys die uitbreidingspeil dat die werkwoord [V] as uitbreidingsterrein dien. Die verledetyds-*ge-* is terselfdertyd ook afhanklik van die hulpwerkwoord van tyd (*het*) om die verledetydsvorm te merk. Daarom is die balk op die tydlyn van die morfeem ook gearseerd met 'n verdere uitbreidingspeil na die hulpwerkwoord.



Figuur 24: Diagrammatiese voorstelling van 'n verledetydsmorfeem

4.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die deelwoord in Afrikaans beskryf vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk. Hierdie raamwerk stel 'n mens in staat om konseptueel sin te maak van die morfologiese struktuur van die deelwoord. Daar is aangetoon dat beide die onvoltooide en voltooide deelwoord hul verbale karakter behou, terwyl hulle as 'n ander woordklas funksioneer.

Wat veral waardevol was uit 'n konseptualisering van die deelwoord vanuit 'n gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk, is dat dit my in staat gestel het om van die verwarring en teenstrydige sienings wat in Hoofstuk 2 uit die literatuurstudie geblyk het, uit te skakel. Die onsekerheid of die verledetydsvorm en die passiefvorm van die werkwoord deelwoorde is of nie, is opgelos. 'n Beskrywing vanuit hierdie raamwerk op die fonologiese sowel as die semantiese pole het onthul dat die verledetydsvorm en passiefvorm van die werkwoord nie dieselfde as die deelwoordvorm van die werkwoord is nie, maar wel 'n ánder vorm van die werkwoord: 'n perifrastiesekonstruksievorm. In Afrikaans behoort daar tussen hierdie vorme onderskei te word.

Die insig wat in hierdie hoofstuk ingewin is, word in die volgende hoofstuk aangewend om die annotering van deelwoorde in die NHCLT-korpus te interpreteer.